

PERSVERKLARING OOR PROJEK LADUMA

Tshwane, 7 Februarie 2025 - Die Pietermaritzburgse afdeling van die KwaZulu-Nataalse Hooggeregshof het op 9 Mei 2024 'n bewaringsbevel aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) toegestaan ten opsigte van die bates van die Shandi Trust. 'n Afsonderlike bewaringsbevel is in November 2024 deur die Durbanse Hooggeregshof in SARS se guns toegestaan ten opsigte van die bates van 23 respondente, waarvan Royal AM Football Club ("die klub") een is. Die Shandi Trust en die klub is verbonde partye onder beheer van me. Mkhize.

Twee uitsprake ten opsigte van hierdie bewaringsbevele is hierdie week deur die Noord-Gautengse en KwaZulu-Nataalse (Pietermaritzburg) se afdelings van die hooggeregshof gelewer, beide ten gunste van SARS.

Die kurator en die bestuur van die klub het in Desember 2024 oor die klub se finansiële posisie vergader om te bepaal of die klub sy toekomstige verpligtinge vir die 2024/25 wedstryddatums sal kan nakom. Na omvattende skakeling, is die klub se finansiële posisie na die Nasionale Sokkerliga (NSL) geëskaleer.

Gevolgtrek, het die NSL op 22 Januarie 2025 al die klub se toekomstige wedstryddatums opgeskort.

Die klub het op 29 Januarie 2025 deur middel van 'n dringende aansoek teen die kurator, SARS en die NSL opgetree. Die aansoek het die hof versoek om die kurator aan te sê om 'n brief van berusting aan die NSL uit te reik wat waarborg dat die klub sy finansiële verpligtinge ten opsigte van ligawedstryddatums kan nakom. Die aansoek het ook beweer dat die kurator se besluit om nie die brief uit te reik nie irrasioneel, onredelik en onwettig is en het versoek dat dit hersien word.

SARS, die kurator en die NSL het die dringende aansoek teengestaan. Die saak is op 5 Februarie 2025 aangehoor en van die rol geskrap, sonder koste, vir gebrek aan dringendheid.

Die hof het bevind dat die klub nie aan die bepalings van die dringendheidstoets, soos in die hof se praktyknota uiteengesit, voldoen het nie. Die hof het gestel dat prosedures en praktyknotas nie te versmaai is nie; dat 'n aansoeker feite moet uiteensit oor hoekom die aangeleentheid dringend is. Die dringendheid was self geskep, omdat die klub lank voor die aansoek deeglik bewus was van sy sukkelende posisie wat gelei het tot die kurator wat nie 'n brief van berusting aan die NSL kon uitreik nie. Die hof het nie die meriete aangespreek nie, en as gevolg van die hof se beslissing, bly die klub uit die NSL geskors.

Die Pietermaritzburgse Hooggeregshof het ten opsigte van die Shandi Trust verlof om appèl teen die hof se beslissing van die hand gewys, met koste. Die trustees het in Julie 2024 'n dringende aansoek gerig om die bewaringsbevel uit te stel, wat doelmatig die kurator probeer verhoed om die bevel uit te voer. Die hof het die aangeleentheid

van die rol geskrap, met koste. Die trustees het teen die hof se beslissing geappelleer. Die verlot om appèl is op 6 Februarie 2025 van die hand gewys, met koste, aangesien die redes vir verlot om appèl nie deur die trustees bevredig is nie.

SARS se sleutel strategiese voorneme is om 'n kultuur van vrywillige nakoming te koester. Om sodanige doelwit te bereik, verskaf SARS helderheid en sekerheid aan belastingpligtiges om hulle wetlike verpligtinge na te kom. Waar belastingpligtiges willens en wetens by nienakomende gedrag betrokke is, reageer SARS deur sodanige nienakoming duur en moeilik vir die betrokkenes te maak.

SARS Kommissaris Edward Kieswetter het op hierdie ontwikkeling gereageer: "SARS is bly oor die hof se beslissing om die saak van die rol te skrap vir gebrek aan dringendheid. Belastingpligtiges het 'n wetlike verpligting om te alle tye hulle belastingsake in orde te hou. Dit gaan mens se verstand te bowe dat belastingpligtiges hulle so maklik na die howe sal wend, en tog nie hulle wetlike belastingverpligtinge met soortgelyke entusiasme sal nakom nie. SARS word deur die wet voorgeskryf om belastingwette sonder aansiens des persoons af te dwing en om te verseker dat alle belastingpligtiges wat vir belasting moet registreer, opgawes indien en belastings betaal, dit met gemak kan doen. Met die uitvoer van ons mandaat, sal SARS toegewyd bly om wetlik teen belastingpligtiges op te tree wat opsetlik hulle belastingverpligtinge versuim. Die rol van belasting in die aanspreek van die land se drukkende uitdagings ten opsigte van pensioene, toelae, onderwys en gesondheid, kan nie genoeg benadruk word nie."

SARS sal nie verder oor hierdie aangeleentheid kommentaar lewer nie.

Vir meer inligting, kontak SARSmedia@sars.gov.za.